VAN ONS SUSTERS

Oktoberfees

***SUSTERSVERKOPING* 27 Oktober 2018** beloof om 'n heerlike kuier en koopgeleentheid te wees. Om nie te praat van die lekker saamwerk nie.

SUSTERS SE BANKBESONDERHEDE VERANDER

Let asseblief op dat die Bankrekeningnommer verkeerd was en is nou korrek soos hieronder.

Vir diegene wat bydraes direk inbetaal, ons bankbesonderhede is:
Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
FNB – Potchefstroom. Takkode: 250 655. Tjekrekening: **627 805 92724**
Let asb daarop dat dit slegs die Susters se rekening is wat verander.
Die bankbesonderhede vir die Kerk en Diakonie bly onveranderd.

Witolifanttafel

Lê daar enige artikels by jou huis rond wat dalk maar in jou pad is en jy die afgelope jare nooit gebruik het nie? Gee dit by die koster af soggens in die week of bring sommer Sondae saam kerk toe.

Navrae by Flip Mostert 082-479-5233 of Faans Steyn, tel. 018-294-6958

Baie dankie aan **Nicolene Erasmus** wat elke Sondag die teekoppies dek en die vrolike blommetjies op die tafels in die sal versorg.

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

Frankfort Riviertoer 2018
Datum: Sondag 2 Desember tot Donderdag 6 Desember 2018
Waar: Frankfort/Tweeling
Wie: Alle hoërskoolkinders (vriende is welkom)
Koste: R800 per persoon
TEMA: ***Die Woord is skerper as die swaard!***
Inskrywingsvorms: Sien Facebook bladsy of stuur email na sanette.struwig@gmail.com

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 31 Sondag 23 September 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Chris van Ryssen** A3, **Kobus Havenga** A4, diakens wyke A3 is vakant en A4 **Rudy van der Spoel**.
Diens Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke C5 en D1: **André Vorster en Tom Chambers**
Bussiediens: Vandag ry **Andries de Klerk** 084 440 1661

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skriflesing: Nehemia 2:1-11
Fokusgedeelte: Nehemia 2:4,5
Tema: Die Here het mag om te doen ver bo alles wat ons bid of dink.
SING: Sb. 7:1,5; Ps. 112:1-3; Ps. 122:1,2; Ps. 103:2,6; Ps. 62:1,4,5; Ps. 135:1-3

AAND: Fokus: Skrifgedeelte: Romeine 3:9-24
Fokusgedeelte: Romeine 3:20,21 Dordtse Leerreëls 3&4:5,6
Tema: Deur die wet is die kennis van sonde
SING: Ps. 96:1-3; Ps. 81:9-12; Ps. 75:1,2,4

GEMEENTEKAMP
Hou asb. **19 en 20 Oktober** oop vir ons gemeentekamp te Takwasa kampterrein in die Vredefortkoepel.
Gee asb u naam op by **Johan** 084 250 9313

Die volgende Op die Kerkwerf verskyn weer op 7 Oktober 2018

Dagboek
28 Sep: **Gemeente-aand en hamburgerbraai**
Skole en NWU sluit
2 Okt: **Aardklop begin**
27 Okt: **SUSTERS SE VERKOPING**

LIEF EN LEED



Marie Kits is ontslaan uit die hospitaal en is tans in Huis Eikelaan se versorgingseenheid. Ons is baie dankbaar vir die beterskap en bid haar volkome herstel toe.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir die **Uitdra van Evangelie**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **Emeritaatsversorging**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens**

KATEGESE Geen kategese in die vakansie
Sondagkategese begin weer **Sondag 14 Oktober.**
Woensdagkategese begin weer 10 Oktober

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.



VERGADERINGS in Oktober:
9 Oktober: **Sustersbyeenkoms** om 18:30 in kerksaal
15 Oktober: **Gemeentebladkommissie** om 17:30 te Nieuwestraat 16
17 Oktober: **Finansiëlekommissie** vergader om 18:30 in kantoor
22 Oktober: **Beplanningskommissie** vergader om 18:30 in kantoor
23 Oktober: **Eiendomskommissie** vergader om 18:00 in kantoor
24 Oktober: **Kategesekommissie** vergader om 17:15 by pastorie
27 Oktober: **SUSTERS SE JAARLIKSE VERKOPING**
28 Oktober: **Kerkraadsvergadering om 16:00 in kerksaal**
29 Oktober: **Diakonie** vergader om 18:00 in kerksaal

TER APPROBASIE Die volgende broeders word ter approbasie aan ons lidmate voorgehou.

As diakens: Willem van Heerden, Hannes Coetzer, Marten Boersema, Jan de Wet, Riekert van Lith, Carel Marais, Hannes Vorster, Naldo Kent.

As ouderlinge: Frikkie Venter, Fanie Jooste, Reinhart Boersema, Elmie Reyneke en Frans du Toit.

BEROEPE ONTVANG

- Dr JA Erasmus (Jannie) van Odendaalsrus na Lichtenburg.
- Ds MJ Lourens (Thys) van Vaalpark na Nelspruit as medeleraar.

BEROEPE BEDANK

- Ds W Jobse (Wilhan) van Jeffreysbaai na Kemptonpark.
- Ds TMJ Moletsane (Jeremia) van Sanveld na Zamdela, Boipatong, Sharpeville en Sebokeng.
- Ds EJ van Jaarsveld (Janré) van Tsumeb na Durban-Noord.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE VAKANSIE

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende die vakansie verjaar baie geluk met hul verjaardag:

23 Sept	**Danie de Klerk,** Tramontowoonstel 51, ☎ 082 709 8659
	Sarie Spaumer, Huis Eikelaan S 29, ☎ 082 735 3027
26 Sept	**Frans Coetzee,** Vyfhoekhoewe, ☎ 072 107 7057
27 Sept	**Jesse Niemand,** Harmoniewoonstel 9, ☎ 073 260 8850
	Christa van Jaarsveld, Voorstraat 14, ☎ 072 400 4850
28 Sept	**Bettie Strydom,** Huis Eikelaam TB 302, ☎ 082 773 9996
29 Sept	**Stephan Jacobs,** Plaas Witpoort
	Marietjie van der Merwe, Retiefstraat 24
	Japie van Jaarsveld, Voorstraat 14, ☎ 072 521 9813
30 Sept	**Anita Schutte,** mcklagenstraat 8, ☎ 018 297 0622
1 Okt	**Juandré Coetzee,** Ville Louanne 2, ☎ 071 887 1814
	Mossie Kroep, Chopinstraat 44, ☎ 082 074 7700
	Hester Kruger, Villa Juventa B12, ☎ 079 484 3796
	Frikkie Venter, Enselspoort, ☎ 082 791 1545
2 Okt	**Nico Malan,** Disastraat 12, ☎ 018 2906121
3 Okt	**Dolf Claassen,** Kiepersolwoonstel 5
	Dala Jooste, Sol Plaatjiesstraat 131
4 Okt	**Fanie Coetsee,** Kampstraat 41, ☎ 071 566 5921
	Jannize van der Schyff, Huis Anna Viljoen, ☎ 071 927 7570
5 Okt	**Magda Pelser-Van der Merwe,** Van Graanstraat 20, ☎ 079 872 2516

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 16 September R 6 000 en die kollekte vir **Kinderhuise en Ouetehuise** was R 3 340.

Die Diakonie se inkomste in Augustus was R 34 250 en die uitgawes was R 34 625.

DIAKONIE SE KOSKAS

Baie dankie aan almal wat help om ons blikkieskos aan te vul. As jy 'n blikkie kos koop gooi maar 'n ekstra een in die mandjie vir die Diakonie. U kan enige ander nie-bederfbare kos ook skenk.

Gemeentekamp – 19 tot 21 Oktober 2018

Almal is welkom. Jong en oud. Getroud en ongetroud. Vir een dag of vir twee nagte. Dis jou keuse, maar ons wil soveel as moontlik van die gemeente daar sien.

Die plek is **Takwasa naby die Venterskroonkoepel**, 36km vanaf Potchefstroom op die oewer van die Vaalrivier.

Die kamp se amptelike program gaan 18:00 Vrydagaand begin, maar dié wat al vroeër wil kom, kan lekker koek en koffie kom drink om 16:00. Saterdagoggend begin ons om 08:00-14:00. Daarna kuier ons verder. Sondagoggend gaan die diens soos gewoonlik om 09:30 in ons kerkgebou wees. Die kampfooi sal later deurgegee word.

Skryf solank jou naam op die lys agter in die saal.

Jongmense

Koffiedrink vir alle jongmense na die aanddiens. Dit gaan baie lekker wees en bied 'n geleentheid vir almal om mekaar te leer ken. Vir enige navrae kontak Willem van Heerden op 076 450 0562.

Ons vra al ons lidmate se ondersteuning

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND
28 September 2018

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel **Johan du Plessis** by die kerkkantoor
☎ **018 294 4600 of Pieter by ☎ 082 923 1384**
R 20 per hamburger. Dit bly 'n **"winskoop"**

GeopendeDeure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

Geopende deure is 'n bediening wat bewustheid kweek vir die wêreldwye vervolgde kerk. Hulle is in 68 lande werksaam waar Christene beperk word in hul geloof. Kyk gerus na hul Wêreldwaarnemingslys (WWL)(soos die een hieronder) wat hul jaarliks opstel om te bepaal waar die meeste hulp benodig word https://www.opendoors.org.za/eng/persecuted_christians/world_watch_list/

Op **14 Oktober 2018, na die aanddiens**, kom een van hul verteenwoordigers, Cliff Ellis, ons gemeente toespreek. Hy is volledig tweetalig en kom ons in Afrikaans toespreek.

Hy kom kortliks aan ons deel oor sy getuienis en ervarings wat hy persoonlik ervaar het met al sy reise na die lande waar baie Christene vervolg word. Hy gaan ook kortliks statistiek noem oor vervolging in die wêreld.

EGIPTE

Streek: Noord-Afrika
Leier: President Abdelfattah el-Sisi

Bevolking: 95 215 000
Christen: 10%
Meerderheidsgeloof: Islam
Regering: Presidensiële Republiek *"Wanneer 'n taal van haat en wraak aangemoedig word, bly Christene die bewaarders van ware hoop en menslikheid."*

Christene leef as tweedeklasburgers en ontvang nie dieselfde regte as meeste mense in dié land nie. Islamitiese ekstremisme neem toe in Egipte en Christene word in gewelddadige aanvalle geteiken. Vervolging word verwag as deel van die daaglikse lewe. Ten spyte hiervan, is Christenskap in Egipte steeds sterk, vanweë die antieke wortels en die grootte van die Kerk. Egipte is die tuiste van die grootste Evangeliese Kerk in die Midde-Ooste.

Die groot Koptiese minderheid, wat beduidende teëstand in die gesig staar, was nog altyd verdra oor hul historiese teenwoordigheid en demografiese grootte. Daar is 'n klein, maar groeiende gemeenskap van Christen-bekeerlinge (Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond) wat ook swaar vervolg word, hoofsaaklik deur familielede. Gelowiges word gereeld uit hul huise geskop wanneer hul families hul geloof ontdek.

In samewerking met plaaslike kerke en ander vennote in die bediening, ondersteun *Geopende Deure* die Kerk in Egipte deur familiebediening, jeugbediening, geletterdheidsopleiding, voorspraak, mediese uitreike, weduweebediening, en meer. - *Met erkenning aan Geopende Deure*

Gebruikte Bybels en Dagstukkies word versprei

Lidmate wat Bybels besit wat nie meer gebruik word nie of in 'n gehawende toestand is (uitmekaar val of bladsye wat makeer), kan dit by die kerkkantoor of vir my afgee. Ou Afrikaanse vertalings en Engelse Bybels is ook welkom. Hierdie Bybels word, indien nodig, herstel. Verder kan lidmate wat van ou Almanakke ontslae wil raak dit ook bring. Dit word omvorm in 'n bundel van Dagstukkies. Die Bybels en Dagstukkies word dan versprei o.a in Promosa en by die plaaslike gevangenis, waar daar steeds 'n groot behoefte vir Bybels bestaan.

- *Faans Steyn* (tel. 018 294 6958)

Kerk se bankbesonderhede	Inbetalings vir die Diakonie	Inbetalings vir die Susters
Rekening naam: Gereformeerde Kerk Potchefstroom Bank : ABSA Tomstraat Rek.no 680 340 137	Rekening naam: Diakonie GK Potchefstroom Bank: ABSA Tomstraat Rek.no 680 280 002	**Susters van die Gereformeerde Kerk** Potchefstroom **Bank:** FNB Potchefstroom **Tjekrek. 627 805 92724**